

SA's Leading Past Year

Exam Paper Portal



You have Downloaded, yet Another Great
Resource to assist you with your Studies 😊

Thank You for Supporting SA Exam Papers

Your Leading Past Year Exam Paper Resource Portal

Visit us @ www.saexampapers.co.za



**SA EXAM
PAPERS**



basic education

Department:
Basic Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT

GRAAD 12

ONTWERP V1

(TEORIE)

MODEL 2014

MEMORANDUM

PUNTE: 100

Hierdie memorandum bestaan uit 25 bladsye.

AFDELING A: ONTWERPGELETTERDHEID

VRAAG 1: 'ONGESIENE' VOORBEELDE (10 punte in totaal)

1.1 (Ken 8 punte toe)



FIGUUR A

Gehekelde dieretrofee gemaak van plastiek
deur Magda van der Vloed (Suid-Afrika), 2013.

- Tekstuur: Alhoewel die produk van gladde plastieksakke gemaak is, skep die eindproduk se gebruik van brei en hekel 'n tasbare, ☒ growwe ☒ of hobbelrige tekstuur. ☒ Die gehekelde en gebreide teksture is nie die werklike teksture van 'n koedoe nie en hierdie onwerklike kombinasie skep 'n surrealistiese, prettige, anderwêreldse beeld. ☒
- Beweging: Beweging word verkry deur die herhalende gebruik van 'n verskeidenheid van reënboogkleure ☒ en 'n hekelpatroon, met behulp van swart buitelyne rondom die vierkante, loop op en af oor die liggaam van die koedoe. ☒ Daarbenewens skep die patroon in die blokkies 'n spiraalagtige en optiese beweging wat die oog na die binnekant van elke vierkant trek. ☒ Die kleure op die horings skep 'n ritmiese beweging wat gelyktydig opwaarts spiraal om die kontoer van die horings te volg. ☒
- Kleur: Die produk maak gebruik van 'n wye verskeidenheid van helder kleure. ☒ Die algehele gebruik van kleur skep ook 'n vreugdevolle en speelse gevoel. ☒ Op die koedoe se liggaam word die kleure vervat in 'n sterk, swart, vierkantige patroon. ☒ Die kleure is nie naturalisties nie, hulle kan beskryf word as dekoratief (versier) ☒ en simbolies met verwysing na Suid-Afrika as die reënboognasie. ☒ Die kleure maak ons nostalgies oor die eeueoue 'laslappie'-/lappieskombers-handwerk. ☒
- Kontras: Magda van der Vloed het twee kontrasterende tegnieke gebruik – vir die horings het sy gebruik gemaak van brei ☒ en vir die liggaam van die koedoe het sy 'n hekeltegniek gebruik. ☒ 'n Verdere kontras word gesien in die gebruik van 'n sterk, swart rooster op die liggaam van die koedoe met 'n verskeidenheid van skakerings en kleure in elke blok. ☒ In teenstelling hiermee het die horings geen swart buitelyne nie. ☒ Al hierdie kontraste werk saam om 'n baie dinamiese, lewendige effek te skep. ☒

Gee krediet aan enige geldige stellings.

1.2 (Ken 2 punte toe)

Die term *kitsch* verwys na 'n ontwerp wat goedkoop lyk, ☒ sentimenteel, ☒ speels, ☒ of dikwels humoristies. ☒ Met verwysing na die koedoe-ontwerp kan dit beskryf word as té oorversier (dekoratief) ☒ of in 'swak smaak', en dit kan gesien word as soortgelyk aan ornamentele eende, dwergies, gebreide toiletsitplekke, gehekelde toiletpapierhouers. ☒ Vandag versamel mense 'boere-kitsch' aangesien dit gesien word as 'n tendens of modieus. ☒

Gee krediet aan enige geldige stellings.

VRAAG 2: KOMMUNIKASIE DEUR ONTWERP (Ken 10 punte in totaal toe)

2.1 (Ken 6 punte toe)

Tafelberg of die heilige berg:



Aangesien die Mayibuye Argiefsentrum of Museum op Robbeneiland geleë is (en deel gevorm het van die Universiteit van die Wes-Kaap), sou Tafelberg staan vir hoop, ☒ vryheid, ☒ stabiliteit, ☒ en uiteindelik tuiskoms vir die meeste van die politieke gevangenes of dit simboliseer. ☒ Vir baie Kapenaars is Tafelberg omhul in 'n dik historiese, kulturele, ekonomiese en politieke kombles met sterk skakels aan kolonialisasie, verwestering en 'n lang geskiedenis van slawehandel wat in die Kaap begin. ☒ Deur die teruggeiening van Tafelberg kan voorheen benadeelde kulture met reg redeneer dat dit die enigste manier is om te deel in die sosio-kulturele rykdom en ekonomiese en politieke mag van Suid-Afrika. ☒

Die Oorwinningskroon of Romeinse Keiserkroon of Julius Caesar-kroon:

Die Oorwinningskroon-simbool verwys terug na die klassieke Romeinse tye – (die tyd van Keiser Augustus en Julius Caesar) en deur die hergebruik van die simbool, 'kroon' die ontwerper die Mayibuye Sentrum en sy mense as oorwinnaars of weners in die stryd om vryheid van spraak, musiek en kuns gedurende en na apartheid. ☒ Dit kan ook vryheid ten opsigte van eksperimentering, kuns, pret, sosiale kommentaar en die krag van die visuele beeld simboliseer. ☒



Dieselfde simbool is ook bekend as 'Die koringare' – ook gesien op die Suid-Afrikaanse landswaapen. ☑ Die simboliese betekenis van hierdie embleem verwys na vrugbaarheid en simboliseer ook die idee van ontkieming, groei en die volhoubare ontwikkeling van enige potensiaal. ☑ Dit hou verband met die voeding van die mense en dui op die landbou-aspekte van die aarde. ☑


Die twee Khoisan-mensefigure:

Die figure is afkomstig van beelde op die 'Linton Stone', 'n wêreldberoemde voorbeeld van Suid-Afrikaanse rotskuns, en word nou gehuisves en ten toon gestel in die Suid-Afrikaanse Museum in Kaapstad. Die Khoisan, die oudste bekende inwoners van ons land, getuig van ons gesamentlike menslikheid en erfenis as Suid-Afrikaners. ☑ Die figure word uitgebeeld in 'n houding van groet, wat eenheid simboliseer. ☑ Dit verteenwoordig ook die begin van die individu se transformasie ☑ in die groter sin van samehorigheid met die nasie en, verder nog, met die gemeenskaplike mensdom. ☑ Hierdie twee beelde kom weer na vore op die Suid-Afrikaanse wapen. ☑




Die sirkel om die gesig in die middel:

In die Afrika-kultuur beteken 'n sirkel God/goddelikheid, heiligheid en het 'n noue verband met bid en gebede. ☑ Hierdie plaatomsag het te doen met die stryd om vryheid van apartheid en die sirkel simboliseer hierdie verseëde gebed vir vryheid. ☑ Daardie tyd sou die onderdrukkende regime nie eksplisiete uitbeelding hiervan toegelaat het nie. Die sirkel om die gesig was 'n gebedsversoek tot God vir beskerming. ☑ Dit is om hierdie rede dat 'n vrou wat 'n kalbas dra, uitgebeeld word in die watermerk in die onderste deel van die omslag. Die kalbas (wat 'n sirkel is en van klei gemaak is) verteenwoordig die baarmoeder van 'n vrou en die klei verteenwoordig die Gees van God, die Moeder Aarde. ☑ Die sirkel kan ook verband hou met die idee van 'n volle siklus wat voltooi is – of dat perfeksie bereik sal word. ☑



Sirkels verteenwoordig oor die algemeen eenheid, heelheid en oneindigheid. ☑ Sirkels word dikwels gesien as beskermende simbole. ☑ 'n Sirkel kan ook gebruik word om dinge soos voltooiing, vereniging van polariteite, herlewering en ewigheid te verteenwoordig. ☑

Die knopkierie en die spiesmotief:



Suid-Afrikaanse Landswapen

Knopkieries en spiese is deur Afrika-mense in landelike gebiede gedra lank voor die stryd om vryheid begin het. Dit was deel van hul alledaagse bestaan. 'n Spies in Afrika-geledere, of mens van Suid-Afrika, Kenia, Lesotho, Botswana of Uganda is, simboliseer vrede, saambestaan, beskerming, voorvaders, asook verdediging en mag. ☑ Dit lyk asof die wapens neergelê is en dit simboliseer die einde van die geveg of vrede. ☑



Twee hande in 'n vuist:

Die vuist omhoog (ook bekend as die gebalde vuist) is 'n simbool van solidariteit en ondersteuning. ☑ Dit word ook gebruik as 'n saluut om eenheid, krag, uittarting of weerstand uit te druk. ☑ Die groet dateer terug na die antieke Assiriërs as 'n simbool van weerstand in die aangesig van geweld. ☑

Die logo van die vuist omhoog mag eenheid of solidariteit verteenwoordig, gewoonlik met onderdrukte mense. ☑ Die vuist is die kleur goud, wat sosiale en kulturele rykdom, voorspoed en wysheid mag simboliseer. ☑

Die Menseregtebeweging in die Afrika-Amerikaanse gemeenskap, asook die filosofie van Marcus Garvey (Swart mag, 'Black is beautiful' en Swart Liefde ('Black Love')) maak van hierdie gebalde vuus as simbool gebruik om hul ideale oor te dra. ☑

Gee krediet aan enige geldige stellings.

2.2 (Ken 4 punte toe)

Die kandidaat kan sê die plakkaat is bevooroordeel omdat die meeste van die visuele simboliek (die knopkierie, die spies, die Khoisan-beelde wat afgelei is van Suid-Afrikaanse rotskuns) eksklusief is aangesien dit slegs die Afrika-kulture verteenwoordig. ☑ Die naam van die album (Mayibuye, Zulu) ☑ sluit nie alle kulture ☑ en tale algemeen in die Suid-Afrikaanse konteks in nie. ☑ Geslagsvooordeel is ook duidelik in die vinielomslag omdat die portret van 'n man dit oorheers en op die man as superieur dui. ☑ Hoewel die opskrif sê: 'The people shall share the wealth of the country' ('Die mense sal die rykdom van die land deel'), is die vinielomslag nie verteenwoordigend van al die mense van Suid-Afrika nie. ☑

Die kandidaat kan ook sê dat daar geen vooroordeel sigbaar is nie aangesien alle Afrika-gemeenskappe in Suid-Afrika die revolusionêre kreet 'Mayibuye i-Afrika!' ondersteun het en dat dit ook 'n globale revolusionêre gees verteenwoordig het. ☑ Die kandidaat kan ook waarneem dat daar geen geslagsvooordeel is nie aangesien die man nie die enigste geslag is wat verteenwoordig word nie, maar daar is ook 'n vrou in die watermerk. ☑ Hierdie vrou dra 'n kalbas en die kalbas simboliseer die baarmoeder van alle vroue. ☑ 'n Vrou kan ook onder elk van die twee koringare waargeneem word. ☑

Gee krediet aan enige geldige stellings.

VRAAG 3

Kandidate beantwoord ÓF VRAAG 3.1 ÓF VRAAG 3.2.

VRAAG 3.1 (Ken 10 punte in totaal toe)

- INSPIRASIE

Die *Afrika-stoel* is nie tipies van die skoon lyne en suiwer geometriese vorms van die meeste Bauhaus-ontwerpe nie, ☑ maar weerspieël hul belangstelling in handwerk en hul aandrag op 'n deeglike begrip van handwerk as 'n voorvereiste vir goeie industriële ontwerp. ☑ Die *Afrika-stoel* herinner aan tradisionele gekerfde Afrika-stoele van hout. ☑ Die *Binta-stoel* is oorgetrek met materiaal wat baie duidelik geïnspireer is deur Afrika- wasgedrukte tekstiele en die vorm blyk geïnspireer te wees deur tradisionele, gekerfde hout-Afrika-meubels. ☑

- KONTEKS

Die *Afrika-stoel* is ontwerp en vervaardig gedurende die vroeë deel van die 20^{ste} eeu in 'n tyd toe Europese kunstenaars soos Picasso ☑ reeds 'n groot belangstelling in Afrika-kuns soos maskers en Afrikaanse konvensies soos stilering getoon het. ☑ Die *Binta-stoel* is kontemporêr aangesien dit eklekties is ☑ en Afrika-tekstiele en soliede, kubieke Afrika-vorms met Westerse stoffering versmelt om 'n nuwe, oorspronklike ontwerp te skep. ☑

- VORM

Die *Afrika-stoel* is regop en statig met vertikale oorheersing ☑ om 'n stewige struktuur van afwisselende lyne en spasies te skep, terwyl die ☑ *Binta-stoel* se soliede, lae en stomp ☑ gehalte 'n prettige en baie oorspronklike effek oordra. ☑ Die gekromde lyne wat die *Afrika-stoel* kroon, gee dit 'n troonagtige voorkoms. ☑

- KLEUR


Die harmonieuse oranje, rooi en bruin van die *Afrika-stoel* is gedemp, aards en organies, reflektief van droë Afrika ☑, terwyl die *Binta-stoel* uit sterk, helder en botsende kleure bestaan wat bruising en energie uitdruk. ☑

- MATERIALE

Die *Afrika-stoel* toon beide geweefde areas en houtwerk en is duidelik handgemaak, ☑ terwyl die *Binta-stoel* heeltemal oorgetrek is met tradisionele Afrika-tekstiele. Hoewel modern, ☑ is dit 'n duidelike viering van Afrika-handwerk. ☑

OF

VRAAG 3.2 (Ken 10 punte in totaal toe)

	
FIGUUR A Die Romeinse Kolosseum wat in 80 v.C. voltooi is.	FIGUUR B Die Blue Volcano-stadion in Zagreb, Kroasië, ontwerp deur Njiric en Arhitekti, 2012.

In hierdie vraag word daar van die kandidaat verwag om te vergelyk en geen punte moet toegeken word vir twee afsonderlike opstelle, of vir inligting wat in tabelvorm verskaf is nie.

'n Vergelyking tussen die Kolosseum in Rome en die Blue Volcano-sokkerstadion in Kroasië (of 'n voorbeeld gekies deur die kandidaat):

Doel: Die Kolosseum is gebou vir die keisers, Vespasianus en Titus. ☑ Dit is gebou om keisers en Romeine te vermaak met bloedige sport, waarby mense, wilde diere, gladiators en strydwa-wedrenne betrokke was. ☑ Die Blue Volcano-stadion is gebou vir sokkerwedstryde, maar ook om verskillende geleenthede soos skaatsbord- en muurklim-gebeure aan te bied. ☑ Die Blue Volcano-stadion in Zagreb, Kroasië, is deur Njiric en Arhitekti ontwerp as 'n voorbeeld van groen/eko-vriendelike argitektuur. ☑

Die reusekapasiteit van die Kolosseum om groot skares te huisves, het dit noodsaaklik gemaak dat die plek vinnig gevul of ontruim kan word. Hulle het dit opgelos deur die gebruik van verskeie ingange. ☑ Die Blue Volcano-stadion maak ook gebruik van verskeie ingange wat dit moontlik maak om dit maklik te vul en te ontruim. ☑

Materiale en tegnologie: Die Kolosseum is gemaak van travertyn-klip wat sonder messelklei geset en bymekaar gehou word deur 300 ton ysterklampe. ☑ Dit is met die hand gebou, sonder die hulp van masjiene. ☑ Die Blue Volcano-stadion word gehuisves in 'n kunsmatige heuwel, gemaak van herwinde rubber. ☑ Die geriffelde aluminium-plate is met 'n blou pigment gespuit. ☑ Die stadion het 'n ballonagtige struktuur wat die sentrale area bedek en die nodige skadu aan die toeskouers bied. ☑ Hierdie ballonagtige 'wolk' is gemaak van toegewerkte fotovoltaïese selle wat hernubare energie genereer en volhoubaar vir hierdie unieke stadion is. ☑ Die stadion het 'n oop dak wat dit moontlik maak dat natuurlike lig die stadion indring. ☑

Teikenmark: Die teikenmark van die Kolosseum word grootliks bepaal deur die vorm van aktiwiteit wat aangebied word. Daar is vir 'n wye spektrum van die Romeinse bevolking voorsiening gemaak vir verskeie vorme van vermaak. ☑ Die Blue Volcano-stadion maak hoofsaaklik voorsiening vir sokkerondersteuners, maar is ook gemik op mense wat belangstel in muurklim en skaatsbordry. ☑

Alternatiewelik moet kandidate wat nie FIGUUR B in die vergelyking gebruik het nie, maar ander voorbeelde gebruik het, ook krediet kry.

Krediet moet gegee word aan enige geldige stellings.

TOTAAL AFDELING A: 30

AFDELING B: ONTWERPGESKIEDENIS**VRAAG 4****4.1 (Ken 20 punte in totaal toe)****Klassiek Grieks****Ontwerper en werk: (Ken 2 punte toe)**

Die Parthenon ☒ is ontwerp deur die argitekte Ictinos en Callicrates. ☒

Invloede: (Ken 2 punte toe)

Die Antieke Griekse beskawing het 'n obsessie met die menslike vorm gehad. ☒ Hulle het geglo 'n 'gesonde liggaam huisves 'n gesonde gees' en as gevolg daarvan het hulle hul gedagtes, sowel as hul fisiese voorkoms, ontwikkel. Hierdie obsessie is in hul argitektuur weerspieël. ☒ Sport en fisiese aktiwiteite was 'n groot deel van hul alledaagse lewens. Nog 'n invloed op die Antieke Griekse beskawing was hul geloof/oortuigings en mitologie. ☒ Die Griekse gode het menslike vorms aangeneem en het menslike emosies soos begeerte, liefde of spyt getoon. ☒ Hulle het die goue verdeling (die goue middeweg) ontwikkel, 'n wiskundige stelsel wat gebruik is om die ideale menslike figuur te skep. Hierdie stelsel is ook in argitektuur gebruik om perfekte verhoudings te skep, ☒ soos gesien in die Parthenon.

Kenmerke: (Ken 4 punte toe)

Griekse ontwerp beklemtoon eenvoud, ☒ harmonie, ☒ ideale verhoudings, ☒ balans, ☒ logika en rasionaliteit ☒ en is gebaseer op wiskundige beginsels, ☒ wat alles sigbaar is in die styl van die Parthenon.

Verskil wat dit maak het: (Ken 2 punte toe)

Hul begrip van ideale verhoudings en van volmaakte balans en orde beïnvloed steeds ontwerp vandag. ☒ Hierdie tipe ontwerp word steeds vandag gebruik en word na verwys as Klassiek. ☒ Dit skep 'n gevoel van orde, elegansie en tydloosheid. ☒

EN/OF**Goties****Ontwerper en werk: (Ken 2 punte toe)**

Preekstoel van Siena Katedraal ☒ deur Nicholas en Giovanni Pisano. ☒

Invloede: (Ken 2 punte toe)

Romeinse argitektuur, ☒ Middeleeuse ontwerpe, ☒ Romaanse argitektuur ☒ en godsdienstige simbole. ☒

Kenmerke: (Ken 4 punte toe)

Die spitsboog, ☒ die ribgewelf ☒ en die vlieënde stut is tipiese elemente van die Gotiese argitektuur. Geboue toon 'n oorheersende vertikale invloed, ☒ meer lig en atmosfeer. ☒ Meubels is lywig met spiraal-draaipote, ☒ ryk en donker kleurpalette (pers, robyn, swart, oker, groen, goud), ☒ versierde muurpapier, ☒ natuur-geïnspireer, ☒ ryk stoffering ☒ alhoewel ook in donker kleure, ☒ soortgelyk aan die Kuns-en-Handwerkbeweging. ☒ 'n Belangrike kenmerk is die gebruik van gebrandskilderde glas, ☒ in spitsboogstrukture en in roosvensters. ☒ Die gebrandskilderde glas was omlyn met piouter om 'n rooster-effek te skep. ☒ 'n Sterk gebruik van gietyster is sigbaar, wat heraldiese embleme geskep het.

Verskil wat dit gemaak het: (Ken 2 punte toe)

Gotiese kuns het heeltemal nuwe argitektoniese en godsdienstige kenmerke soos die roosvenster, gebrandskilderde glas, gepunte boë, hoë torings en ribgewelf gebring, ☒ sowel as Gotiese tipografie en blommotiewe soos die 'Fleur-de-lis' ☒ en dit alles word steeds gebruik om 'n geestelike of mistieke atmosfeer te ontlok. ☒

EN/OF**Renaissance****Ontwerper en werk: (Ken 2 punte toe)**

Hangertjie-ontwerpe deur Hans Holbein van c. 1532–1543 (Juweliersware) ☒
St. Peter se Katedraal in Rome deur Michelangelo van 1546–1564 (Argitektuur) ☒
Die Versoeking van St. Anthony deur Schongauer van c. 1480–1490 (Graving) ☒
Seremoniële bruidsbed-hemelbed deur Pieter Kolding van c. 1640–1650 (Produk) ☒
Vier Ruiters van die Apokalips deur Albrecht Durer van 1498 (Houtsnede) ☒
Koepel van Florence Katedraal deur Filippo Brunelleschi van 1420 (Argitektuur) ☒

Invloede: (Ken 2 punte toe)

Die Renaissance was 'n wedergeboorte van die Romeinse tradisies van ontwerp en argitektuur. ☒ Produk ontwerp toon dikwels versiering geïnspireer deur Michelangelo en Raphael. ☒ Mitologiese en Bybelse figure word dikwels ingewerk. ☒ Kunstenaars van die vroeë Renaissance-tydperk het die natuurlike wêreld as 'n verwysing gebruik vir hul kuns en kunsoorwegings is dikwels benader vanuit waarneming en stelselmatige ondersoek. ☒ Die rasonale benadering gesien deur hierdie kunstenaars verskil aansienlik van die suiwer geloof-geïnspireerde ☒ artefakte, ontwerpe en kuns van die Middeleeuse en Gotiese tydperke. Tydens die 16^{de} eeu het hierdie nuwe benadering en styl begin floreer. Renaissance-ontwerp word beïnvloed deur waarneming, ☒ die strewe om die natuur akkuraat te weerspieël, ☒ 'n fokus op idealisme en perfeksie. ☒

Kenmerke: (Ken 4 punte toe)

Groot denkers, kunstenaars en ontwerpers soos Michelangelo, Leonardo da Vinci en Raphael het visuele uitdrukking aan die ideale van die Renaissance gegee. ☒ Ontwerp gedurende hierdie tydperk word gekenmerk deur naturalisme, ☒ organisasie van die ruimte, ☒ die gebruik van perspektief, ☒ 'n herlewing van die klassieke ideale en motiewe, ☒ sowel as die verteenwoordiging van die individu as 'n wese van belang, rede en bevraagtekening. Humanisme ☒ verwys na die Renaissance-filosofie wat beweer dat elke individu die reg het om te dink, te redeneer, vrae te vra en oor hul eie oortuigings te besluit. Die woord Renaissance beteken 'hergeboorte' en dui op 'n terugkeer na die rede, denke, wetenskap en die klassieke ideale. ☒ Hierdie ingesteldheid is baie anders as dié van die Middeleeuse tydperk waar mense gesê is wat om te dink en te glo. ☒ Renaissance-argitektuur beklemtoon harmonie en balans ☒ wat verkry word deur simmetrie, wiskundige verhouding, meetkunde en die gereeldheid van dele. ☒ Daar is 'n gebruik van baie kolomme en halfkoepels ☒ en halfsirkelvormige boë. Baie geboue is gebou as vierkantige of reghoekige simmetriese vorms. ☒ Die voorkant of 'fasade' van die geboue was oor die algemeen simmetries rondom die vertikale as. ☒ Meubelontwerp is getrou aan die doel van die stuk, ☒ inkorporeer dikwels mitologiese of Bybelse figure en okkerneut is dikwels die houtkeuse. ☒ Houtkiste en -beddens was sleutelstukke van die meubels van die Renaissance. ☒ Tou-beddens wat bestaan uit 'n langwerpige houtraamwerk met ineengevlegte toue was baie gewild. ☒ Meubels het gebruik gemaak van ingelegde houtpanele, asook gedetailleerde houtsnede van tonele uit die natuur en die alledaagse lewe. Die Renaissance-tydperk is ook bekend vir sy verfynde tapisserieë. ☒

Verskil wat dit gemaak het: (Ken 2 punte toe)

Met 'n nuwe fokus op denke, waarneming, navorsing en rasonale denke, was die Renaissance 'n tydperk wat innovasie en wetenskaplike ontdekkings aangemoedig het. ☒
'n Paar van hierdie voorbeelde sluit in:

1455 Johannes Gutenberg vind die drukpers en beweegbare metaallettertipes uit ☒

1606 Galileo Galilei vind die astronomiese teleskoop uit ☒

1629 Giovanni Brance vind die stoomturbine uit ☒

1687 Isaac Newton publiseer Newton se wet van universele swaartekrag ☒

1714 Gabriel Fahrenheit vind die kwik-termometer uit ☒

EN/OF**Barok****Ontwerper en werk: (Ken 2 punte toe)**

Triomf van die Naam van Jesus deur G Battista Gaulli in Rome 1672–1685 (Plafon-fresco) ☒

Saal van Spieëls by Versailles deur Hardouin Mansart en Le Brun van 1678 (Interieur) ☒

Kolonnade van St. Peter in Rome deur Gianlorenzo Bernini begin 1656 (Argitektuur) ☒

Bernini se Baldacchino (Altaar) in St. Peter in Rome uit c. 1624–1633 (Produk) ☒

Die Bejaarde Dwaas en Sy Kat deur Alexander Voet II van die 17^{de} eeu (Grafies) ☒

Invloede: (Ken 2 punte toe)

Barokkuns en -ontwerp is sterk beïnvloed deur die Hervorming. ☒ Dit verwys na die tydperk in die geskiedenis toe die Katolieke Kerk besin het oor die kerk se praktyke en beginsels en positiewe veranderinge geïmplementeer het. ☒ Die kerk het Barokkuns en -ontwerp gebruik om uit te reik na die mense en 'n hergeboorte van die geloof te bevorder. ☒ Barok-ontwerp was aantreklik vir die rykes en aristokrasie wat aangetrek is deur die drama, skaal en vermoë om te beïndruk. ☒ Stilisties leen Barok van die Middeleeuse en Renaissance-styl. ☒

Kenmerke: (Ken 4 punte toe)

Barok-ontwerp word gekenmerk deur 'n rebellie teen die orde en selfbeheersing van die Renaissance-tydperk. ☒ Voorbeelde van Barok-ontwerp het dinamiese komposisies, ☒ 'n gevoel van drama (teater), ☒ sterk kontrasterende kleur en interaksie tussen lig en skadu. ☒ Sterk klem word geplaas op drama en beweging. ☒ Diagonale lyne word gebruik in die skep van 'n asimmetriese balans en beweging. ☒ Baie ontwerpe verwys na godsdienstige inhoud ('n skuif weg van die suiwer Renaissance-fokus op logika en rede). ☒ Barokgeboue is kolossaal met dramatiese afmetings, ☒ vertoon massiewe trappe ☒ en kolomme en ingewikkelde, oordadige versierings. ☒ Beide geboue en meubels toon engele, kupido's en gelowiges as beelde, figure, muurdekor en fonteine. ☒ Kolomme is dikwels gedraai en gevorm as slakke en fantasiefigure. ☒ Barokargitektuur gebruik lig om 'n gevoel van verwondering en beweging te skep. ☒ Die Barok-styl is ook bekend as die 'Swaar Styl'. ☒ 'n Verskeidenheid van swellende geronde en krom vorms is gebruik. ☒ Ontwerpers het gebruik gemaak van ryk, blink materiale soos marmer, vergulding en brons. ☒ Barok-ontwerp toon dramatiese kombinasies van argitektuur, beeldhouwerk, skilderwerk en die dekoratiewe kunste. ☒ Die interieurs betower met die uitspatigheid van goud, silwer, sy, ryk tapisserieë en luukse afwerking. ☒ Barokmeubels is indrukwekkend en is die werk van beeldhouers, en nie van skrynwerkers nie. ☒ Baie ovale met pragtige, hoogs ornamentele versierings is sigbaar. ☒ Die gebruik van goud, edelmetale, spieëls en marmer oorheers. ☒

Verskil wat dit gemaak het: (Ken 2 punte toe)

Ontwerp het uit hierdie tydperk geleer hoe om elemente te manipuleer om werk te skep wat dinamies, ☒ oordadig, ☒ emosioneel, ☒ dramaties ☒ en uitdagend ☒ is en hoe om dinamiese ruimte, volume en lig te skep. ☒

EN/OF**Kuns en Handwerk****Ontwerper en werk: (Ken 2 punte toe)**

William Morris ☒ – *Sussex-stoel* ☒ of *Morris-leunstoel* ☒ deur Gustav Stickley ☒ of *Eike-leunstoel* ☒ deur GM Ellwood ☒

Invloede: (Ken 2 punte toe)

Hulle is beïnvloed deur heraldiese detail ☒ en Gotiese gepunte boë ☒ wat hulle in hul werk, veral in argitektuur, ingesluit het.

Hulle is geïnspireer deur die natuur in hul ontwerpe, soos gesien in tekstiele en muurpapierafdrukke. ☒ Kuns en Handwerk-ontwerp toon ook die invloed van tradisionele handwerk en van die Engelse kothuisstyl. ☒

Kenmerke: (Ken 4 punte toe)

Die Kuns-en-handwerkbeweging herleef 'n belangstelling in handwerk soos borduurwerk, kerfwerk, blokdruk en gebrandskilderde glasvensters. ☒ Hulle gebruik natuurlike kleure, sowel as diere, plante en voëls in hul tekstiele en muurpapier. ☒ Hulle bly 'getrou aan materiaal' in die huislike kunste omdat hout in die meubels nie verlak is nie. ☒ Hulle het materiale onversierd gehou en het plaaslike materiaal, waar moontlik, verkry. ☒ Versiering is net gebruik om 'n ontwerp te verbeter en nooit net ter wille van versiering nie. ☒ Hulle het gietyster gebruik as die standaardkomponente in geboue, sowel as glas en staal. ☒ Hulle het diverse elemente soos torings, spitsboë en Georgiëanse vensters gemeng. ☒

Verskil wat dit gemaak het: (Ken 2 punte toe)

Hulle het probeer om die lewe van ontwerpers en vlytkunstenaars te verbeter ☒ en om gehalteprodukte van estetiese waarde te produseer. ☒

EN/OF**Art Nouveau****Ontwerper en werk: (Ken 2 punte toe)**

Gekerfde stoel ☒ deur Arthur Heygate Mackmurdo ☒ of Franse Art Nouveau brons-tafellamp ☒ deur Emile Gallé ☒ of *Vertoonkas* ☒ deur Gustave Serrurier-Bovy ☒ of *Die Soen* ☒ deur Peter Behrens ☒ of *Naaldekokker-borsspeld* ☒ deur Lalique ☒

Invloede: (Ken 2 punte toe)

Hulle is beïnvloed deur die kronkelende lyne van rankplante. ☒

Hulle is beïnvloed deur die plat, gekleurde vorms gevind in Japannese houtsnee. ☒

Hulle is beïnvloed deur die natuur, gevind in hul verwysing na die natuurlike wêreld, soos poue, lelies en rankplante. ☒

Die verweefde lyne van Keltiese en Viking-klipkerfwerk, sowel as die flamboyante lineêre patrone sigbaar in Laat-Gotiese argitektuur inspireer hulle ook. ☒

Kenmerke: (Ken 4 punte toe)

Hulle het gebruik gemaak van asimmetriese balans in hul ontwerpe. ☒

Hulle het die sweepslaglyne of gekromde lyne gebruik. ☒

Verweefde organiese vorms van stingels of blomme en geboë lyne. ☒

Twee-/driedimensionele vorms is organies soos gevind in die natuur. ☒

Juweliersware bevat verskeie stene, terwyl diamante 'n sekondêre rol speel. ☒

Hulle het duur materiale soos sy, fluweel en borduurwerk vir tekstiele gebruik. ☒

Hulle het ook verlakte hout, ingelê met ander materiale vir meubelstukke, gebruik. ☒

Mosaïek en gebrandskilderde glas was ook gewild. ☒

Verskil wat dit gemaak het: (Ken 2 punte toe)

Hulle het pragtige handgemaakte voorwerpe geskep, ☒ maar ongelukkig versuim om saam met die tye te beweeg omdat ontwerpe moeilik was om in massa te produseer. Dit was te duur. ☒

EN/OF

De Stijl**Ontwerper en werk: (Ken 2 punte toe)**

Gerrit Rietveld ☒ – *Rooi Blou Stoel* ☒ of Theo van Doesburg ☒: *Amptelike Eerste Dag Kaart* ☒ of *Hangende Lamp* ☒ deur Gerrit Rietveld ☒

Invloede: (Ken 2 punte toe)

Hulle is beïnvloed deur Kubisme in hul vermindering van vorms tot basiese geometriese vorms. ☒

Hulle is beïnvloed deur die Nederlandse logika en orde. ☒

Hulle is beïnvloed deur die wiskundige filosofieë van die Nederlandse filosoof en teosoof, Schoenmaekers. ☒

Kenmerke: (Ken 4 punte toe)

Hulle gebruik net die drie primêre kleure (rooi, geel en blou) en die drie nie-kleure (swart, grys en wit). ☒

Abstraksie en vereenvoudiging is gebruik met gladde oppervlaktes. ☒

Hulle het slegs vertikale en horisontale lyne gebruik. ☒

Hulle het geglo in balans, orde, logika en reinheid. ☒

Argitektoniese ruimtes is volgens 'n stelsel gerangskik om funksie en harmonie te skep. ☒

Alle twee-/driedimensionele vorms is abstrakte blokke/vorms van vierkante en reghoeke.

☒ Die *Rooi Blou Stoel* is 'n perfek gebalanseerde oop struktuurontwerp met die ondersteuningsdele wat in die omliggende ruimte uitsteek. ☒ Hulle het slegs primêre en neutrale kleure in hul ontwerp gebruik. ☒

Verskil wat dit gemaak het: (Ken 2 punte toe)

Die eenvoud van die ontwerp, minimale gebruik van kleur en gladde oppervlaktes ☒ het 'n groot invloed op die Bauhaus en Modernisme, sowel as die mode in die 1960's gehad. Ontwerp vandag het voordeel getrek uit hul begrip van die skoonheid van suiwer geometriese abstraksie en hoogs georganiseerde, stabiele komposisies. ☒

EN/OF

Bauhaus

Ontwerper en werk: (Ken 2 punte toe)

Mart Stam 'Cantilever'-stoel ☒ of *Wassily-stoel* ☒ ontwerp deur Marcel Breuer ☒ of *Wieg* ☒ ontwerp deur Peter Keler ☒

Invloede: (Ken 2 punte toe)

Die blokagtige vorms van Kubisme en De Stijl het die Bauhaus beïnvloed. ☒

Hulle is beïnvloed deur die eenvoudige, onversierde meubels vervaardig deur die Kuns-en-handwerkbeweging. ☒

Hulle is beïnvloed deur die Amerikaanse argitek Louis Sullivan se aanhaling: 'Vorm volg funksie.' ☒

Kenmerke: (Ken 4 punte toe)

Stoele moes in hul basiesste en noodsaaklikste vorm, gestroop van versiering, wees. ☒

Hulle het ligte staalbuisrame vir oop, gestruktureerde stoele gebruik. ☒

Stoele was eenvoudig en onversierd (getrouheid aan die materiale). ☒

Breuer het liggewigmetaalstoele geskep wat in massa geproduseer kon word. ☒

Hulle het voorafvervaardigde meubels geproduseer. ☒

Hulle het die klem op die ondersoek van die formele en fisiese eienskappe van materiale geplaas. ☒

Verskil wat dit maak het: (Ken 2 punte toe)

Hulle het nie die geïndustrialiseerde wêreld verwerp nie, maar het daarna gestreef om tegnologie en massaproduksie te gebruik om die probleme wat hul wêreld in die gesig staar, aan te spreek. ☒

Hulle het tegnologie gebruik om voldoende behuising, meubels, tekstiele en huishoudelike goedere wat goed maak is en mooi gelyk het, te skep.

EN/OF

Art Deco

Ontwerper en werk: (Ken 2 punte toe)

Klub-stoel ☒ ontwerp deur Donald Deskey ☒ of *Wolkekrabberstyl-leunstoel* ☒ deur Abel Faidy ☒

Invloede: (Ken 2 punte toe)

Hulle is beïnvloed deur die antieke kulture, soos die Asteke en Egiptenare. ☒

Die buitelewe en vervoer het hulle beïnvloed. ☒

Hulle is ook deur die Bauhaus- en die Internasionale styl beïnvloed. ☒

Kenmerke: (Ken 4 punte toe)

Art Deco-meubels is vaartbelyn in ontwerp. Dit lyk modern en elegant, maar was gemaklik. ☒

Hulle gebruik eksotiese hout en die hout was dikwels hoogs verlak. ☒

Hulle gebruik ingelegde werk in meubels. ☒

Hulle gebruik vet sigsag- en trapvorms soos gesien in die voorbeeld. ☒

Art Deco gebruik simmetriese balans in ontwerp. ☒

Dit is 'n eklektiese styl wat ontleen aan vorige style. ☒

Beelde is gestileer en vorms is aërodinamies. ☒

Hulle maak gebruik van helder kleure of eksotiese kleure. ☒

Art Deco het dikwels sirkel- en hoekige vorms in meubels gekombineer. ☒

Art Deco-meubels is baie versier en opvallend. ☒

Verskil wat dit gemaak het: (Ken 2 punte toe)

Art Deco het 'n groot invloed op die argitektuur en toegepaste kunste tussen die twee wêreldoorloë gehad en het 'n invloed op die Post-Modernisme gehad. ☒ Die gebruik van eklektiese bronne soos die Egiptiese, Kubis- en die Jazz-tydperk is sigbaar in Post-Moderne ontwerp sowel as hedendaagse ontwerp. ☒

EN/OF**Pop-kuns****Ontwerper en werk: (Ken 2 punte toe)**

Zanotta Blow-opblaasstoel ☒ ontwerp deur De Pas, D'Urbino en Lomazzi ☒ of Design Toscano se ☒ *Flirtatious Lips*-Pop-kuns-stoel ☒ of *Bocca Sofa* ☒ ontwerp deur Studio 65 ☒

Invloede: (Ken 2 punte toe)

Art Nouveau het 'n invloed op die plakkaatkuns gehad. ☒

Materiale soos plastiek het ontwikkel gedurende die Tweede Wêreldoorlog. ☒

Populêre kultuur en verbruikerswese het 'n invloed gehad. ☒

Verkenning van die ruimte het 'n invloed op mode gehad. ☒

Die Anti-ontwerp-beweging se gebruik van ironie en ondermyning van konvensies het veral meubelontwerp beïnvloed. ☒

Kenmerke: (Ken 4 punte toe)

Hulle het hul tot die populêre kultuur en alledaagse voorwerpe vir hul kuns gewend. ☒

Hulle het plastiek soos PVC vir klere gebruik. ☒

Hulle het hul beelde in neonligte, filmhelde, verbruikersgoedere, vinnige motors en neontekens gevind. ☒

Hulle het helder kleure en sterk buitelyne gebruik. ☒

Pop-ontwerp het die feit beklemtoon dat dinge algemeen, goedkoop en wegdoenbaar geword het. ☒

Die gebruik van plastiek oorheers, bv. die opblaas-leunstoel. Ander materiale is soms geproduseer om soos plastiek te lyk. ☒

Viniel is gebruik vir die oortrek van stoele. ☒

Sommige beelde was duidelik eroties van aard en weerspieël soms vroue soos uitgebeeld in die media, bv. as seksvoorwerpe soos gesien in die stoel en tafel deur Alan Jones. ☒

Verskil wat dit gemaak het: (Ken 2 punte toe)

Pop-kuns het daarin geslaag om deur te dring tot die algemene publiek en was een van die gewildste style. Dit het die publiek bewus gemaak van die huidige wêreld waarin hulle woon. ☒ Vir die eerste keer was ontwerp ook behep met jongmense. ☒ Hul verwerping van die konvensionele en ondersoek van die onkonvensionele inspireer ontwerp vandag. ☒ Die feit dat hulle populêre kultuur en kitsch aangegryp het, het 'n groot invloed gehad op ontwerp sedert 1960. ☒

EN/OF

Skandinawies

Ontwerper en werk: (Ken 2 punte toe)

Mierstoel ☒ deur Arne Jacobson ☒ of *Stapelstoel* ☒ deur Verner Panton ☒ of '*Globe*'-stoel ☒ ontwerp deur Eero Aarnio ☒

Invloede: (Ken 2 punte toe)

Nuwe, opkomende tegnologieë na die Tweede Wêreldoorlog het 'n invloed gehad. ☒
Koue, donker winters het 'n invloed op liggekleurde meubels en interieurs gehad. ☒
Die invloed van Surrealisme is sigbaar in die gebruik van die biomorfiese vorms van enkele meubelstukke. ☒

Kenmerke: (Ken 4 punte toe)

Hulle het liggekleurde hout en eenvoudige, dikwels organiese, vorms gebruik. ☒
Meubels is goed gemaak, dikwels oorgetrek in opvallende kleure. ☒
Aandag aan detail en afwerking word beklemtoon. ☒
Hulle het moderne materiale soos plastiek gebruik om eenvoudige stapelstoele te skep. ☒
Die meubels was eenvoudig in vorm en het skoon lyne en gladde teksture gehad. ☒
Lyne was organies en reguit. ☒
Materiale wat dikwels gebruik is, het veselglas, hout, rubber, plastiek, viniel en laaghout ingesluit. ☒
Ontwerpers het gebruik gemaak van vorm-saamgeperste hout, ge-anodiseerde of gelakte aluminium of gedrukte staal. ☒

Verskil wat dit gemaak het: (Ken 2 punte toe)

Skandinawiese ontwerp het 'n groot invloed op baie Moderne ontwerpers gehad, veral in Amerika. ☒ Baie van hierdie ontwerpe word vandag steeds gemaak. Oor die algemeen assosieer ons elegante, eenvoudige en kwaliteit-ontwerp met baie Skandinawiese ontwerpmaatskappye. ☒

EN/OF

Dekonstruksie

Ontwerper en werk: (Ken 2 punte toe)

Funksie Verby-stoel ☒ deur Hilla Shilon ☒ of *Mizar*-vaas ☒ 1982 Ettore Sottsass ☒ of *Mobius*-rok ☒ deur J Meejin Yoon ☒ of *Rook*-stoel ☒ deur Maarten Baas ☒ of *Duimafdruk* ☒ deur Ron Arad ☒

Invloede: (Ken 2 punte toe)

Dekonstruksie word beïnvloed deur die teorieë van Jaques Derrida. ☒
Hulle is beïnvloed deur die teorie van 'Dekonstruksie', wat 'n vorm van semiotiese ontleding is en gekenmerk word deur idees van versnippering/fragmentasie. ☒
Hulle is ook deur tegnologie beïnvloed. ☒

Kenmerke: (Ken 4 punte toe)

In struktuur het hulle suiwer funksie en die konserwatiewe idees van harmonie, eenheid en opvallende stabiliteit verwerp. ☒

Dekonstruksie skep 'n gevoel van onstabiliteit, onsekerheid, ongemak, skok en ontwrigting. ☒

Geboue het dikwels vreemde hoeke en kom oor die algemeen voor asof hulle 'uitmekaar val'. ☒

Dekonstruktivistiese argitekte het gefokus op die verkenning van die verhouding tussen verskillende dele van 'n gebou. ☒

Produkte sowel as geboue het 'n onreëlmatige voorkoms. ☒

Dit maak gebruik van nie-reglynige vorme wat dien om te verdraai en 'n paar van die elemente van argitektuur, soos struktuur en omhulsel, in dele op te deel. ☒

Voorwerpe en produkte word geskep op ongewone of onkonvensionele maniere soos die werk van Maarten Baas (Maarten Baas se Kleimeubels). ☒

Dekonstruksie maak gebruik van opponerende elemente soos staal/water of natuurlik/mensgemaak. ☒

Ontwerpe sluit ontwortelde en verdraaide hoekige vorms in, dikwels binne botsende meetkunde of onderskeppende vlakke geplaas. ☒

Onkonvensionele materiale word dikwels gebruik, soos Frank Gehry se kartonmeubels. ☒

Verskil wat dit gemaak het: (Ken 2 punte toe)

Dekonstruksie het 'n rol gespeel in ons bewusmaking van wêreldkwessies en kyk na die media op nuwe maniere. ☒ Ontwerpers begin om kwessies rondom die betekenis van 'werklik' te bevraagteken. ☒

4.2 (Ken 10 punte in totaal toe)

Die kandidaat moet in paragraafvorm antwoord en duidelik een aspek op 'n slag vergelyk.

Krediet mag nie gegee word aan twee afsonderlike opstelle of 'n vergelyking in tabelvorm nie.



Terwyl die Moderniste geglo het in suiwerheid van vorm, met hulle geboue onversierd en blokagtig, het die Postmoderniste die masjienagtige eentonigheid van die Modernisme verwerp. ☒ Postmoderniste het vrylik en eklekties vanuit 'n verskeidenheid van tradisies en argitektuur geleen sodat versiering, beeldhouwerk en tradisionele materiale met die huidige konstruksiemetodes geïntegreer geraak het. ☒

Die Postmodernis het dikwels tradisionele elemente soos klassieke pilare met huidige konstruksiemetodes gekombineer, wat hul oortuiging dat 'Minder is vervelig' weerspieël het. ☒ Modernistiese geboue verwerp alle tradisionele boustyle en streef daarna om 'n minimalistiese blokagtige voorkoms met 'n roosterpatroon duidelik in die rangskikking van die vensters te skep. ☒ Dit volg op die idee van 'Minder is meer' soos gestel deur Mies van der Rohe. ☒ Modernisme het op ruimte, eerder as volume, klem gelê ☒ terwyl Postmodernisme soliditeit met ruimte gekombineer het. ☒ In hoë geboue het hulle nie-noodsaaklike versiering verwerp en geboue is óf in neutrale kleure geverf óf ongeverf gelos, ☒ terwyl die Postmodernis klem gelê het op kleur, dikwels om juis die strukturele elemente te beklemtoon. ☒ Modernistiese geboue het geen spesifieke fasade nie, bly uniform en eenvoudig rondom die hele omtrek van die gebou, terwyl die Postmoderne geboue 'n verskeidenheid van materiale en strukture gebruik het om 'n baie komplekse fasade te skep. ☒ Postmodernisme maak dus kompleksiteit meer belangrik as eenvoud. ☒ Postmodernisme gebruik dikwels kleur om 'n gebou laer te laat vertoon, in teenstelling met die Modernistiese argitekte wat hulle geboue verhef het op pilotis (pilare). ☒ Modernistiese geboue maak gebruik van 'n geraamtestruktuur omhul deur 'n glasvel (glasgordyn). ☒ Alle dienste in die geboue is vervat in 'n sentrale kern. ☒ In reaksie op die onversierde, skoon voorkoms van die Modernisme, het Postmodernistiese geboue meer beton gebruik om dikwels die geraamte van die gebou te ontbloot. ☒ Modernisme maak gebruik van gewapende beton wat toegelaat het vir vrydraende vloere wat vanuit die sentrale kern hang. ☒ Die klem op kompleksiteit bo eenvoud van Postmodernisme word beskryf deur Charles Jencks as 'n soort dubbele kodering waardeur die argitek met die ingeligtes en die publiek gekommunikeer het. ☒ Postmodernisme is 'n duidelike voorbeeld van die uitspraak 'Minder is vervelig' deur Venturi. ☒

Gee krediet aan enige geldige stellings.

TOTAAL AFDELING B: 30

AFDELING C: ONTWERP IN 'N SOSIOKULTURELE/OMGEWINGS- EN VOLHOUBARE KONTEKS**VRAAG 5****Kandidate beantwoord ÓF VRAAG 5.1 ÓF VRAAG 5.2.****5.1****5.1.1 (Ken 6 punte toe)**

Maatskaplik verantwoordelike ontwerp is ontwerp wat in ag neem dat alle lede van ons samelewing nie ewe bevoorreg is nie. ☒ Sulke ontwerpe ondersteun diegene in nood op een of ander manier, ☒ bv. hulle kan die armoede-geteisterde teiken of mense wat fisies tot minder in staat is. ☒ Maatskaplik verantwoordelike ontwerp kan ook help om werk of bemagtiging te skep. ☒

Hierdie produk is gemik op die ondersteuning van mense wat arm is en nie toegang tot elektrisiteit het nie. ☒ Dit maak ook voorsiening vir beter higiëne omdat mense toegang tot gekookte water vir beter sanitasie en die doodmaak van kieme het. ☒ Daar is minder rookmis in die lug, want dit werk met rooklose houtskoolbrikette. ☒ Dit is veilig om in digbevolkte gebiede te gebruik aangesien die vuur meer onder beheer is. ☒

Gee krediet aan enige geldige alternatiewe.

5.1.2 (Ken 14 punte in totaal toe; 7 per ontwerper)

Naam van ontwerper: Johannesburg-gebaseerde ontwerp-ateljee Architecture for a Change (AFAC) – Suid-Afrikaanse kontemporêre ontwerper

Die Mamelodi Pod ☒

AFAC het die Mamelodi Pod ontwerp met die doel om plaaslike lewensomstandighede te verbeter ☒ en om koste-effektiewe behuising aan die armes in nedersettingsdistrikte te verskaf. ☒ Suid-Afrika het 2 700 informele nedersettings wat miljoene mense in onmenslike substandaardtoestande met geen behoorlike sanitasie, geen water, elektriese verbindings of stormwater-afvoer nie, plaas. ☒

Die Pod is gebou met muurpanele wat saamgestel kan word, bestaande uit gegalvaniseerde sinkplate, 'n laag Sisalation ('n reflektiewe foeliemateriaal) en isothermiese isolasie en interne laaghoutpanele. ☒ Hierdie struktuur van die Pod rus dit toe met uitstekende isolasie, wat help om die inwoners van die Pod warm te hou, wat ongehoord is in gewone sinkplaat-plakkershutte. Dit verminder die hoeveelheid brandvoorvalle in die informele nedersettings in die wintermaande. ☒

Die materiaal vir buite-afwerking is meestal gegalvaniseerde sinkplate, prysenswaardig vir sy duursaamheid in alle weersomstandighede, en effens van die grond af gelig om oorstromingsvoorvalle te verlig. ☒ Hierdie is 'n basiese behoefte omdat Mamelodi 'n hoë reënval gedurende die reënseisoen het, wat dikwels tot vloede lei en baie mense dakloos laat. ☒

Die Pod het 'n buitetoilet wat soos 'n Franse drein ontwerp is, met geen nodigheid vir 'n rioolstelsel nie. Dit verlig die probleem van swak sanitasie wat dikwels in informele nedersettings voorkom en verminder die voorkoms van sanitasieverwante siektes. ☑ Die Pod vereis 'n minimum van drie mense om dit op te rig in minder as 'n dag, en maak dit dus 'n uiters geskikte struktuur vir noodbehuising ná vloed, brande en ander natuurlike rampe. ☑



Slaapsak-jas deur Veronika Scott – Detroit 2010

Naam van ontwerper: Veronika Scott ☑ – Internasionale kontemporêre ontwerper

Slaapsak-jas

Produkontwerper Veronika Scott spreek die kwessie van behuisingsnood in die stad Detroit met haar *Slaapsak-jas*-ontwerp aan. ☑ Die probleem van die groot aantal dakloosheid word vererger deur die gebrek aan befondsing vir behoorlike skuilings. ☑ Vir diegene wat nie 'n huis het nie, is hierdie jas hul skuiling. ☑ Die *Slaapsak-jas* is 'n jas wat hawelose mense warm hou. ☑ Terwyl dit ook werk as 'n draagbare slaapsak, ☑ is Tyvek isolerende materiaal in die ontwerp gebruik. ☑ Tyvek is 'n ideale isolerende materiaal wat dikwels gebruik word in die bou van huise. ☑

Scott is ook die stigter van die bemagtigingsgroep The Empowerment Plan, ☑ wat aan 13 voormalige en huidige hawelose mense werk verskaf. ☑ Haar organisasie huur slegs hawelose enkelouers sonder 'n gewelddadige misdaadrekord. ☑ Werknemers word ver bo die minimum loon betaal.

Die jasse word nie net deur nie-winsgewende organisasies bestel vir gratis verspreiding aan die haweloses nie, maar word ook deur die Rooi Kruis vir rampverligting gebruik. ☑

OF

5.2

5.2.1 (Ken 2 punte toe)

Daar is baie maniere waarop ons handwerk kan definieer – ons kan handwerk oorweeg as die ☑ maak en die ontwerp van individuele items deur die ontwikkeling van vaardighede, soos intellektuele, kreatiewe, praktiese, visuele sensitiviteit en 'n werkbare kennis van materiale en gereedskap aan te moedig. ☑ Handwerk kan ook gedefinieer word as 'n reeks nuttige en/of dekoratiewe voorwerpe wat hoofsaaklik met die hand geskep word met behulp van spesifieke materiale en ontwikkelde vaardighede. ☑ Die handwerker sal gewoonlik die materiaal en tegniek eerste kies. ☑ 'n Ontwerper sal eers met 'n konsep begin en dan die materiaal kies om daarby te pas. Tradisionele handwerk word met tradisionele materiale en tegnieke gemaak met die gebruik van handgereedskap. ☑ Handwerk het nouer bande met ontwerp. ☑

5.2.2 (Ken 8 punte toe)

EEN VOORBEELD: **Kralewerk**

Kralewerk-voorwerpe vorm 'n belangrike deel van die tradisionele Afrika-kleredrag. ☑ Dit word gedra vir spesiale geleenthede, soos troues en feeste en om andere te vertel van die geestelike krag, status of stadium van die lewe van die persoon wat dit dra. ☑

In Afrika word sade, neute, skulpe, bene, kloue, olifantande, tande, hout, metaal, klip en goud gebruik om krale te maak. ☑ Glaskrale is vanuit die Ooste na Suider-Afrika gebring deur die Indiese en Arabiese handelaars in ongeveer die 2^{de} eeu n.C. ☑ Dit is verhandel vir horings, olie, hout, yster, goud en slawe. Die saadkrale, gebruik in kralewerk, is na SA gebring via Europa in die 16^{de} eeu toe die streke suid van die Sahara deur die Europese lande gekoloniseer is. ☑ Die vroegste bekende Afrika-krale is 10 000-jaar-oue voorbeelde gemaak van volstruiseierdoppe gevind in die Soedan in 1921 en dateer vanaf 700–500 v.C. ☑

Kralewerk word gemaak deur vroue vir hulself en hul families. ☑ Kralewerk is 'n manier van kommunikasie sonder woorde. ☑ Dit word gedoen deur patrone, style en kleure en is eie aan spesifieke groepe. ☑ Rooi word dikwels geassosieer met krag en onder die Oba van Benin verteenwoordig 'n rooi kraal die dodelike krag van die koning. ☑ Dit kan ons baie dinge oor die draer vertel, soos ouderdom, waar hulle vandaan kom, huwelikstatus en status in die gemeenskap. ☑ Kleure het simboliese waarde en wissel van streek tot streek. Dit is onmoontlik om al die verskillende tipes hier te bespreek. ☑

Vandag word baie stukke gemaak vir die toerismemark, vir uitvoer en word soms as deel van handsakke en skoene gebruik. ☑ Dit wyk dus af van sy oorspronklike rol en word in moderne kleure gebruik. Kralewerk-voorwerpe word op verskillende maniere onder al die inheemse mense van Suid-Afrika gevind. ☑

Vandag word krale in winkels gekoop en is baie duur. In moderne stukke word gevonde voorwerpe en plastiek ook ingesluit. ☑ Patrone is gewoonlik geometries of kan gestileerde uitbeeldings van voorwerpe of diere wees wat betekenis vir 'n spesifieke groep het. ☑ Dit is onmoontlik om al die verskillende tipes kralewerk te bespreek, maar sal verskillende voorbeelde wat nie bespreek is nie, insluit. ☑

Die '**krale-liefdesbrief**' ☑ word deur die AmaZoeloe-kultuur gemaak ☑ en is deur vroue gebruik om met hul mans te kommunikeer. Die interpretasie daarvan is amper soos om IsiZoeloe te verstaan. ☑ Die kode is egter bedrieglik eenvoudig. Dit maak gebruik van die basiese geometriese driehoek-vorm en gewoonlik 'n maksimum van sewe kleure. ☑ Die drie hoeke verteenwoordig pa, ma en kind. ☑ Sosiale konvensies beïnvloed dikwels die kombinasies of reëlins wat die betekenis van kleure en die geometriese figure bepaal. ☑ Wit verteenwoordig gewoonlik geestelike liefde, reinheid en maagdelikheid. ☑ Rooi is veral 'n belangrike kleur en Zoeloe-meisies sluit dit in by die krale-liefdesbriewe wat hulle aan hul kêrels stuur. ☑

Die Zoeloe-liefdesbrief wat in aandenkingswinkels verkoop word, ☑ het 'n eenvoudige interpretasie van kleur. Dit bestaan uit 'n smal kraleband met 'n flap wat om die nek gedra word. ☑ Die flap bevat 'n geometriese ontwerp wat bestaan uit driehoeke in verskillende kombinasies wat verband hou met manlike/vroulike verhoudings. ☑

5.2.3 (Ken 10 punte toe)

Geen punte moet vir die herhaling van ontwerpers en hul werk gegee word nie.

EEN VOORBEELD:

Zenzulu – Durban, KwaZulu-Natal

Zenzulu is gestig deur die ontwerper Marisa Fick-Jordaan in 1995. Haar belangstelling in oorgangshandwerk vorms het haar gelei om 'n weefprojek met telefoondraad in 'n informele nedersetting buite Durban te begin. ☑

Haar doel was om oorgangstegnieke en moderne materiale saam te smelt om sodoende moderne voorloper-ontwerpe van Afrika-toebereide en huisprodukte met 'n globale aantrekking te skep. ☑ Die werke is oorspronklik, innoverend, handgemaak, ekovriendelik en volhoubaar. Dit word regverdig verkoop om gemeenskapsontwikkeling te onderhou. ☑

Zenzulu produseer gehalteprodukte vir korporatiewe en private interieurs, plaaslik en internasionaal vir die hoë-inkomste-mark. ☑ Ontwerpe word gereeld opgedateer en volgens baie hoë standaarde vervaardig om aan die vereistes van 'n steeds groeiende mark te voldoen. ☑ Onder hul kliënte is welbekende ontwerpers soos Oscar de la Renta en die ontwerpwinkel van die Museum van Dekoratiewe Kunste in Parys. ☑

Sommige werke is geïnspireer deur natuurlike vorme soos blare. ☑ Ander is geïnspireer deur kant sowel as die mandjieweeftegnieke van die Zoeloe-mense. ☑

Zenzulu maak handgemaakte produkte, insluitende bakke en houers van verskillende vorms en kleure. ☑ Hierdie is handgeweefde dekoratiewe kunswerke wat spesiale reekse en verpersoonlikte ontwerpprodukte insluit. ☑ Hulle produseer ook modebykomstighede en vakansie-ornamente waarin hulle krale met telefoondraad kombineer. ☑




Tradisionele mandjieweeftegnieke word gebruik met telefoondraad. ☑ Omdat die produkte handgemaak is, is daar geringe verskille in grootte, vorm en kleur. ☑ Die bakke en houers is handgeweef met PVC-bedekte koper of sagtestaaldraad. ☑ Die produkte moet met 'n klam lap skoongemaak word of liggies gewas word met sagte seep en weggehou word van direkte sonlig. ☑ In plaas van die gebruik van die tradisionele weefmateriaal van die omgewing maak hulle gebruik van moderne materiale en smelt dit saam met die tegniek wat gebruik word deur die meesterwewers – 'n opgerolde mandjietegniek. ☑ Die produkte is almal ekovriendelik. ☑

Werskepping en volhoubaarheid

Zenzulu het met net twee meesterwewers begin, 'n groep geskoolde kralewerkers en 'n paar Zimbabwiese vlugteling. ☑ Met die uiteindelijke versekering van befondsing het sy begin met vaardigheidsopleiding en moes iemand vind om meer mandjies te kan skep en het 'n draadvervaardiger oortuig om draad in verskillende kleure te voorsien. ☑ Vandag voorsien Zenzulu volhoubare werksgeleenthede vir meer as 350 huisgebaseerde handwerkprodusente in vier verskillende gemeenskappe. ☑ Om volhoubaarheid te verseker, word hul produkte voortdurend opgedateer en regverdige handel word altyd nagekom. ☑

Krediet moet aan enige geldige stellings gegee word.

Geen punte moet vir die herhaling van ontwerpers en hul werk gegee word nie.

VRAAG 6**6.1 (Ken 6 punte toe)**

Indien die kandidaat redeneer dat FIGUUR A meer suksesvol is, is die volgende redes moontlik:

- FIGUUR A is meer suksesvol as 'n plakkaat, want die woord 'STOP' is baie groot en duidelik geskryf en trek onmiddellik die aandag. ☑ Die kleurgebruik is ook baie sterk (rooi teen blou, kontrasterende warm en koel kleure) en duidelik. ☑ Die boodskap word onmiddellik verstaan ☑ en die bedreiging vir die onskuldige rob is voor-die-hand-liggend deur die dreigende lyftaal van die robbejagter. ☑ Die boodskap van FIGUUR B 'I choose ink, not mink ...' kan vir party mense verwarrend wees en is nie so 'n duidelike boodskap soos 'STOP Canada's Massive Seal Hunt' nie. ☑ FIGUUR B wys ook nie werklik hoe robbe doodgemaak word nie en laat dit aan die kyker oor om 'n gevolgtrekking te maak, en dit maak die plakkaat minder effektief. ☑

Indien die kandidaat redeneer dat FIGUUR B meer suksesvol is, is die volgende redes moontlik:

- FIGUUR B maak gebruik van 'n gewilde, goedgeboude, 'koel' sportheld om kykers te lok om die boodskap van die plakkaat te lees, ☒ terwyl FIGUUR A met behulp van die verwagte toneel van die werklike gebeurtenis die boodskap oordra. Baie kykers sal geïnspireer word om die oortuigings van 'n rolmodel te ondersteun. ☒ FIGUUR B behou die aandag van die kyker deur die gebruik van 'n uitdagende stelling: 'I use ink, not milk ...' ☒ wat van die kyker vereis om by die boodskap betrokke te raak ☒ om dit te kan verstaan. Die boodskap van FIGUUR A is baie letterlik en kan as vervelig ervaar word. ☒ FIGUUR B maak gebruik van 'n verskeidenheid lettertipes wat die plakkaat meer opwindend maak om te lees as FIGUUR A. ☒ Die kleurgebruik in FIGUUR B (helder geel, bruin en wit) is moderner, meer gesofistikeerd en visueel meer opwindend as die basiese rooi, blou en wit wat in FIGUUR A gebruik is en gee die plakkaat 'n groter impak. ☒ Die feit dat die model in FIGUUR B die formaat oorheers, veroorsaak dat die beeld 'in jou gesig' en konfrontierend is. Dit help dat die boodskap 'harder skreeu' as die beelde wat in FIGUUR A gebruik is. ☒

Gee krediet aan enige geldige stellings.

6.2 (Ken 14 punte toe)

Naam van ontwerper: Heath Nash – Suid-Afrikaanse ontwerper ☒

Bespreking van materiale en werkprosesse wat omgewingskwessies aanspreek:

Nash gebruik draadrame en ou plastiekbottels. ☒ Hy het die idee van hergebruik ☒ baie opwindend gevind. Deur die gebruik van die vaardighede van 'n draadkunstenaar het hy 'n reeks ☒ post-verbruiker-plastiek-afvalprodukte met 'n nuwe doel geskep. ☒ Heath het begin saamwerk met die plaaslike omgewingsorganisasies – Footprints (Voetspore). Die werkers in hierdie groep is opgelei om bottels in te samel en te was en sodoende die omgewing op te ruim. ☒ Nash het ook 'n nuwe maatskappy met die naam Poise begin wat die plastiek versamel, spoel, sny en vou. ☒ Poise versamel van sorteer-areas en Nash het nou 'n bestendige vloei, 'n volhoubare bron van die meeste kleure. ☒ Hy bied ook werksgeleenthede vir minderbevoorregte mense wat plastiek by vullishope versamel. ☒ Die plastiek word gesny vanaf 'n stempel en gebruik dus geen energie nie en besoedel nie deur die proses nie. ☒ Die afgesnyde dele wat nie gebruik word nie, word dan teruggeneem na herwinnaars vir herwinning. ☒

Titel en beskrywing:

Flower Ball-lampskerm. ☒ Die lampskerm is funksioneel in die sin dat dit 'n gloeilamp het wat 'n vertrek kan verlig. ☒ Dit het ook estetiese waarde aangesien dit 'n aangename visuele ervaring bied en die interieur waar dit hang, verfraai. ☒

Dit ondersoek die huidige omgewingskwessies omdat dit toelaat vir die herwinning van afvalplastiek vir die produksie daarvan. ☒

Die lampskerm is oorheersend wit en gee 'n stil, suiwer, onwerklike gehalte aan die werk. ☒ Die skerm word gemaak van dieselfde blaar- en biomorfiese blomvorme, gesny van plastiek wat gevou word om soos blomme te lyk. ☒ Sommige blomme het geronde driehoekige blare wat met die verlengde blomvorme kontrasteer. Dit skep 'n verskeidenheid en belangstelling in die oppervlakpatroon. ☒ Die kalmte wat teweeg gebring word deur die eenvoudige ronde vorm en die ononderbroke wit kleur word lewendig gemaak deur die beweging wat deur die skerp punte en verskillende hoeke van die blomvorme geskep word. ☒

Naam van ontwerper: Julie Bargmann – Internasionale ontwerper ☒

Bespreking van materiale en werkprosesse wat omgewingskwessies aanspreek:

Julie Bargmann word internasionaal erken as 'n innoverende ontwerper wat besoedelde industriële terreine ☒ in die VSA, wat erg besoedel is deur mynbou of die storting van rommel, herwin. 'n Belangrike fokus is die behandeling van 'AMD' (dreinerings van suur mynwater) ☒ wat oorloop in strome en riviere, en sodoende die suurvlaakte verhoog en vorms van lewe versmoor. ☒ Sy ondersoek die kreatiewe potensiaal van hierdie gedegradeerde landskappe en verander hulle in regeneratiewe landskappe. ☒

Bargmann pas haar navorsing toe vanuit haar klein ontwerppraktijk, genoem D.I.R.T. (Design Investigations Reclaiming Terrain/Dump It Right There). ☒ Sy ondersoek die effek van industriële bedrywighede en stedelike prosesse in die verlede en hede op ekologiese stelsels en gemeenskappe en hoe dit verband hou met nuwe tegnologieë. ☒ Bargmann het spanne argitekte, kunstenaars, ingenieurs, geskiedkundiges en wetenskaplikes in diens om haar te help om die volgende 'lewe' van landskappe met geslote gruisgate en verlate steenkoolmyne te verbeel. ☒

Bargmann leer mense 'kritiese terreinwaarneming' ☒ wat daarop gemik is om die verskeie geskiedenis van 'n terrein te verken ten einde al die prosesse te verstaan wat gelei het tot die agteruitgang daarvan ☒ en om vorendag te kom met 'n plan vir sy herstel, en sy verhouding met die gemeenskap en die ekonomie te hernu. ☒ Sy wil 'nie net die landskap laat herleef nie, maar ook nie laat vergeet nie', met ander woorde, 'n herinnering laat van wat op hierdie terreine gebeur het. ☒ Sy wil wegbeweeg van die algemene praktyk van totale verbloeming van die terrein se elemente uit die verlede, onder groen heuwels of ontspanningsterreine soos gholfbane. In haar eie woorde, dit is soos 'om lipstiffie op 'n vark te sit'. ☒

Titel en beskrywing:

Toetswaters. ☒ Bargmann het die terrein van 'n voormalige steenkoolmyn in Vintondale, ☒ Pennsylvania, omskep in 'n 45-akker-park vir suurmynwater-dreinerings en gemeenskapsontspanning. ☒ Bargmann het toe die uitleg van die park ontwerp deur die bestaande vorm van die landmassa te gebruik om die vorm van 'n passiewe 'AMD' behandelingstelsel te skep. ☒ Dit is soos 'n reuse ekologiese wasmasjien. Sy het die publiek uitgenooi om te kom en die skoonmaakproses fisies sowel as simbolies te ervaar. ☒

Eerstens gaan die 'AMD' deur 'n reeks behoudingskomme ☒ en, soos besoedelde water oor hierdie 'Behandelingstuin' gaan, verander sy kleur van suur-oranje tot ertjiegroen en dan uiteindelik tot 'n alkaliese blou-groen. ☒ Elkeen van hierdie kleurveranderinge is simbolies en 'n fisiese verandering. ☒ Die skoonmaakproses word simbolies getoon in die 'Lakmoes-tuin'. ☒ Die seisoenale kleure van die bas, blare en vrugte van die afwisselende rye van inheemse bome en struie stel visueel die behandelingsvolgorde voor, en ontwikkel van diep-rooi en oranje na koeler skakerings van groen en blou. ☒ Die vloedvlak van die terrein se spruit is herbou in 'n nuwe vlei en addisionele vleilande vir die finale 'spoel'. ☒ Nadat dit deur hierdie vleiandgebiede gevloei het, keer die water in 'n gesuiwerde staat terug na die plaaslike spruit. ☒

Gee krediet aan enige geldige stellings.

TOTAAL AFDELING C: 40
GROOTTOTAAL: 100